# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 189 16 April 2021




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Vervolging en verdrukking

Vir 386 dae is ons "normaal" al omvergewerp en herdefinieer. Daar word voortdurend na 'n "nuwe normaal" verwys – beide om ons toestand tydens die inperking sowel as daarna te beskryf. 'n Beter beskrywing sal egter eerder doodeenvoudig "*'n nuwe* ***abnormaal***" wees.

Ons lees daagliks koerant-opskrifte wat selektiewe statistieke voorhou of praat van nuwe Covid-variante om 'n vrees aan te wakker en gehoorsaamheid aan die regering se inperking as enigste redding voor te hou. Om riglyne op 'n verantwoordelike manier te bevraagteken word as "onwetenskaplik" en roekeloos afgemaak. Vooraanstaande wetenskaplikes wat die effektiwiteit van inperkings bevraagteken en alternatiewe voorstaan (*Great Barrington Declaration* - https://gbdeclaration.org), word verdag gemaak en burokrate van die WGO word as meer geloofwaardig beskou. Oor die tendens dat Suidelike, Republikeinse Amerikaanse state waar daar nooit volslae inperkings afgedwing was nie, nou laer infeksiekoerse het as Demokratiese state wat reeds die afgelope jaar feitlik totaal ingeperk was (en steeds is), word liewer nie berig nie.

Wat ons voorheen as "normaal" beskou het, word drasties geherdefinieer. Die pandemie word steeds voorgehou as iets waarvoor jy 'n grootse vrees moet hê. Daar moet 'n slaafse aanvaarding van die regering se inperking en beheermaatreëls as enigste "redding" van die Covid-situasie wees. In kerkverband het ons voorheen nooit nodig gehad om te besin of ons byeen moet kom om God te aanbid nie – gehoorsaamheid aan God was 'n gegewe. Geen gelowige wil graag siek word en nog minder die oorsaak van siekte en swaarkry vir medegelowiges wees nie. Ons moet egter met vaste oortuiging steeds 'n groter vrees vir God hê as vir 'n pandemie of 'n regering! God se "normaal" verander nie – en ons redding is steeds *Solus Christus*!

'n "Nuwe normaal" is die onskuldige verwysing na 'n relativistiese normaal waar dit onaanvaarbaar is om konserwatief of behoudend te wees. Wêreldwyd het vele kerke sedert die begin van die pandemie grotendeels dít wat ons as "normaal" in ons

aanbidding beskou het, vrywillig prysgegee. In 'n hele aantal Westerse lande (insluitend verskeie Amerikaanse deelstate – meestal beheer deur die Demokrate) word gesamentlike aanbidding onder Covid-regulasies steeds verbied of baie streng gereguleer. Kerke en herders wat nie voor die keiser wil buig nie, ondervind toenemende viktimisering en vervolging. Hierdie vervolging vind ons dan ook van waar ons dit die minste sou verwag, naamlik in 'n "vrye" Westerse land soos Kanada, waar die regering drakoniese maatreëls teen die *Gracelife*-gemeente in Alberta toepas. Die herder van hierdie gemeente, James Coates, is vir meer as 35 dae sonder verhoor aangehou vir die "misdaad" om die Evangelie te verkondig en God saam met medegelowiges te aanbid. Hy kon vroeër vrygelaat gewees het – op voorwaarde dat hy onderneem om nie weer te preek of eredienste te lei nie – maar hy was nie bereid om sy roeping te verloën nie.

Ná James Coates se vrylating het die Kanadese regering in die naam van "publieke gesondheid" die gemeente se kerkgebou met 'n heining afgesper en meer as 200 polisiebeamptes ontplooi om die "onwettige" aanbidding te verhinder. Dit is nou die eerste kerk in 'n Westerse land wat genoodsaak is om ondergronds en in die geheim bymekaar moet kom om te aanbid!

Asof vervolging deur sogenaamde demokratiese regerings nie genoeg is nie, skroom sekere nominale Christene nie om hulle steun aan sulke regerings-vergrype en beheermaatreëls te gee nie. Pastoor Greg Glatz van *Calgary Knox United Church* het verklaar dat die sluiting van *Gracelife*-gemeente "lankal moes gebeur het" en dat hy "dankbaar" is dat die sluiting nou uiteindelik gedoen is. 'n "Christen" wat juig oor die verdrukking en vervolging van die kerk! Hierdie uitsprake gaan terloops saam met *Knox United* se verklaarde beginsels om inklusief en verwelkomend ("*affirming*") teenoor alle seksuele oriëntasies te wees - ten diepste is dit 'n verwelkoming van *sonde*, nie van *sondaars* nie!

Met toestande wat ryp is vir totalitarisme in sogenaamde demokratiese lande, behoort elke Christen ernstig te besin oor die volgende vraag: Sal ek vir Christus volg as Here, ongeag wat? Sal ons soos Petrus antwoord; "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe" (Joh. 6:68) wanneer verdrukking kom? Gelowiges weet dat God se mense geroepe is om getrou te bly, ongeag die omstandighede. Ons weet dat ons tye in Sy hande is (Ps. 31:16) en dat ons deur Sy genade uniek toegerus is om die uitdagings in tye soos hierdie te trotseer.

In Suid-Afrika is ons gelukkig dat, ten spyte van verdrukkende Covid-maatreëls, daar nog nie amptelike vervolging van 'n Bybels-getroue kerk was nie. Vervolging van individuele Christene is egter ook hier al 'n werklikheid: die eienaars van die trou-bestemming Beloftebos is steeds in 'n hofstryd gewikkel om hulle geloofsoortuigings ten opsigte van die huwelik as Goddelike instelling te verdedig.

Gaan ons die moed van oortuiging hê om te getuig vir die Waarheid as ons verdrukking hier oorgaan in vervolging?

Die gevaar is dat ons, ons menseregte en veral godsdiensvryheid weens vrees sal prysgee. Die groter gevaar is egter dat ons weens vrees Christus se hoofskap van die kerk versaak en ons getuienis sal stil raak.

Jaco de Ridder (jaco@geloofsbond.org.za)

# BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## HOFGEDING

Hofgeding - Die eerste rondte van die hofsaak het op 31 Maart ten einde geloop. Daar was een saak op die hofrol, naamlik die vraag na die regsgeldigheid van enige aksies deur die NHKA Litigasiekomitee. Dit is 'n baie belangrike tegniese punt. Advokaat Roelof du Plessis SC het namens die steedsHervormers en die Bond se gemeentes opgetree.

Die argument wat hy gevoer het is iets soos die volgende:

Die Kerkorde laat die Kommissie van die AKV toe om rade, komitees en kommissies te benoem om sekere werkopdragte aan te pak en selfs af te handel. Enige besluite, veral besluite aangaande handelinge met finansiële implikasies moet deur die Kommissie geneem word. Die magte mag volgens die reg en die Kerkorde nie afgewentel word aan 'n komitee nie. Die Litigasie komitee mag benoem word. Die Litigasie mag die aanvoorwerk doen, die aanbevelings formuleer en dies meer. Die Litigasie komitee mag nie besluite neem en deurvoer nie, dit is die taak van die Algemene Kommissie. Die Kommissie het hulle magte en pligte geabdikeer of oorgedra aan die Litigasie komitee. Dit kan nie eens in terugskoue geratifiseer word nie omdat die komitee van meet af geen magte gehad het nie.

Die NHKA is deur die bekwame advokaat Dolf Raath SC (hulle sesde advokaat) verteenwoordig. Hy het beweer die Litigasie komitee het die mag. Uitspraak is voorbehou en ons wag nou geduldig vir die regter se uitspraak.

## PREDIKANTE BERAAD

*Ds. Oosthuizen berig*: Die jaarlikse predikanteberaad het hierdie jaar by Gemeente Meyerspark plaasgevind. Ongeveer die helfte van ons predikante het dit bygewoon. By hierdie beraad het ons oor die Dordtse Leerreëls gesels. Dit was ‘n baie leervolle gesprek. As gevolg van almal se aangename deelname aan die gesprek, kon ons nie die hele Dordtse Leerreëls bespreek nie. Dr. Johan Otto het die leiding in die gesprek waargeneem.

Die ander saak waaroor ons gesels het, is die vriendskap en kollegialiteit onder ons predikante. Ds. Frans Oosthuizen het die tema ingelei. ‘n Openhartige gesprek het plaasgevind. Almal teenwoordig het opbouend hulle menings en standpunte gelig. Dit is jammer dat nie al ons kollegas aan dié gesprek kon deelneem nie. Ons het oor die GHG in die algemeen gesels en oor die ondersteuning wat aan mekaar gegee (moet) word.

Almal teenwoordig het die beraad as opbouend en positief beleef.

## DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering te Stilfontein wat beplan is vir 12-14 September 2021 gaan voort. Lidmate en gemeentes sal op datum gehou word insake reëlings, akkommodasie en ander nodige inligting.

## BONDSDAMES PROJEK

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Die volgende word nou aan almal bekend gestel:

Kwilt: 2021



Koningin grootte (2450 x 2450 )
Tema: Nostalgie
Alle lootjie lyste moet op die 30ste Junie 2021 ingehandig wees by Alida van Wyk
Lootjie lyste kan in geskandeer word en ge-epos word na vanwyka@mweb.co.za
Gelde t.o.v. die lootjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing Kwilt 2021
Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word.
Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing
**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**
**Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**
**Rekeningnommer: 6243 092 3088**
**Tak: Pretoria-Noord**
**Takkode: 250 655**

Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word.
Loopfoon: 083 680 5121
Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

## BEURSE

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

Ons wag aansoeke in van behoeftige volksgenote vir die Volkshulp sowel as De Witt Meintjies beursfondse.
**Sluitingsdatum: 30 April 2021.**
Aansoekvorms en navrae by: bestuur@volkshulp.org.za

## KOMMENTAAR OP DIE NGB

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522 of e-pos haar by zyvetto@gmail.com om te bestel. Verstaan die daaglikse Oordenkings nog beter!



**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergaweboeke
- Dames-kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame-plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)






# Koningingrootte (2450 x 2450)
# Tema: Nostalgie



Alle looitjielyste moet op die 30ste Junie 2021 ingehandig wees by Alida.
Lootjielyste kan ingeskandeer word en ge-epos word na vanwyka@mweb.co.za

Gelde t.o.v. die looitjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing **Kwilt 2021**
**Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word.**

**Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing**
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord
Takkode: 250 655

Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word
Loopfoon: 083 680 5121
Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

# Selfstandige Hervormde Gemeente Makwassie

Bied aan

## Jagkompetisie 2021



**Paket sluit in:**
**1 x Blesbok en 1 x Springbok**
**3 Nagte verblyf vir maksimum 8 mense**
**Jag te Oersonskraal, Makwassie by Kosie Scheepers**
**Die bokke wat gejag kan word sal uitgewys word deur die eienaar.**

**Trekking word gehou op 24 April 2021 waarna u telefonies in kennis gestel sal word.**

**SLEGS R 200 PER INSKRYWING!!!**

Bank:
FNB
SHG Makwassie
Tjek rek.: 62464426032
Tak: 240 638



Kontak:
Kosie Scheepers
083 285 9138



Wadrift
JAGPAKETTE
61 - 70

0041

Naam: ..............................
..........................................
Tel: ...................................

0041

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DRIE JAGPAKETTE TE WEN

***1ste Prys:***

- *1 x Blouwildebeesbul*
- *1 x Rooibokram*
- *1 x Blesbokram*
- *2 x Aande se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed*

***2de Prys:***

- *1 x Rooibokram*
- *1 x Blesbokram*
- *1 x Aand se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed*

***3de Prys:***

- *1 x Rooibokram*
- *Geen verblyf, een dag se jag*

**Trekking:**
**22 Augustus 2021**

**Kontak Jan Erasmus**
**vir verdere besonderhede by**
**082 768 5686**

- Indien daar nie n minimum van 250 kaartjies verkoop nie, behou die organiseerders hulle die reg voor om die kompetisie te kanselleer. In daardie geval sal daar by die aanbied van hierdie kaartjie R100 terug betaal word.
- Jagter is self verantwoordelik vir die verwerking van sy vleis.
- Die verblyf is ingesluit. Dit is 'n selfsorgeenheid.
- Eie kos en drinkgoed.
- 1ste Prys limiet 4 persone
- 2de Prys limiet 4 persone
- 3de Prys limiet 2 persone
- Wenners sal aangekondig word op die kerk se webblad, asook persoonlik gekontak word.